PLATINUM BUSHVELDER sports

SPORT

# Week 3 van 2020 Superugby

**Blues vs Crusaders**
In Auckland klop die Saders die Blues op hul tuisveld 25-8. Dit was glad nie 'n mooi wen nie, maar *coach* Scott was tevrede met die *comeback* na hulle neerlaag teen die Chiefs. Die Saders speel volgende teen die Highlanders in Christchurch.
Die Blues reis Suid-Afrika toe om teen die Bulle op Fort Loftus uit te draf.

**Rebels vs Waratahs**
Die Waratahs se nagmerrie-seisoen duur voort en verloor vir die eerste keer teen die Rebels 24-10. Die Aussie *cappie*, Michael Hooper, het die kapteinskap opgegee aan die begin van die seisoen vir die Tahs, en dit was dalk 'n voetfout ou grote.
Die Tahs het gelukkig 'n loslootjie vir week vier en kan dan die stukke weer probeer optel in 'n droewige 2020 seisoen tot dusver.
Die Rebels speel tuis in Melbourne teen die Haaie.

**Sunwolves vs Chiefs**
Die Japanese Wolwe het moedig probeer voor 'n groot skare maar die Chiefs was net een te veel en wen hierdie aanskoulike *game* 43-17 in Tokio.
Die Wolwe reis Australië toe om teen die Reds in Brisbane te gaan uitdraf. Die Chiefs gaan teen die Brumbies in Hamilton uitdraf.

**Hurricanes vs Haaie**
Die Canes het getoon dat hulle nie sommer moet afgeskryf word nie ou grote. Na 'n moeilike toer in SA en Argentinië toe, behaal hulle 'n klinkende oorwinning oor die Haaie en wen 38-22 in Wellington. Die Haaie moes sonder Curwin Bosch klaarkom en die groentjie Boeta Chamberlain is ingespan vir die een maar moes die veld na slegs tien minute verlaat met harsingskudding. Die ewe jong reserwe skrummie, Sanele Nohamba, moes toe noodgedwonge op losskakel diens doen.
Die Canes het volgende 'n loslootjie terwyl die Haaie Melbourne toe moet reis om teen die Rebles uit te draf.

**Brumbies vs Highlanders**
In Canberra verloor die Brumbies dramaties 23-22 teen die Highlanders. Die Brumbies haker, Folau Fainga'a, het 'n droom-*game* en sy drie drieë was steeds nie genoeg om die *game* te wen nie. Nog 'n hoogtepunt vir die Brumbies was die verskyning van 'n agtienjarige skoolseun, Reesjan Pasitoa. Die seun is 1.83m en weeg 98kg. Fris vir 'n losskakel ou grote. Die Brumbies moet volgende teen die Chiefs in Hamilton gaan uitdraf met die Highlanders wat teen die Crusaders in Christchurch loop speel.

**Leeus vs Stormers**
In 'n riller slaag die Kapenaars daarin om 'n moedige Leeuspan 33-30 te klop ou grote. Ruhan Nel, gewese Blitsbok, druk die wendrie in die 83ste minuut. Hartverskeurend maar waar, so leer mens om tot die eindfluitjie blaas te fokus maat.
Die Kapenaars het ook hard teruggekom na planeet aarde toe. Die Leeus se nuwe *cappie*, Elton Jantjies, het dalk sy beste *game* ooit gespeel en het die hoogaangeskrewe Damian Willemse ore aangesit op die dag se spel.
Die *Jo'burgers* het in week vier 'n loslootjie. Die Stormers moet teen die Jaguares in Kaapstad uitdraf.

**Jaguares vs Reds**
In Buenos Aires moes die Argentyne hard werk vir 'n oorwinning. Met halftyd loop hulle 12-24 agter, maar speel kookwater ruggas in die tweede helfte om met 43-27 as oorwinnaars van die veld af te stap.
Die Jaguares moet SA toe reis om teen die Stormers in Kaapstad te gaan uitdraf en dit beloof om 'n riller te wees ou grote. Die Reds gaan in Brisbane teen die Sunwolves speel.
**Nag ou grote...**

# CUPCAKES FOR A CAUSE

**Thabazimbi** – Damasa's models hosted a cupcakes for kids with cancer sale on Saturday 15 February, a day which marks International Childhood Cancer Day.
As their way of making a difference in the lives of children suffering with cancer, a few of the models and their moms got together and decided to bake cupcakes to raise money for this cancer organisation. Within just four hours, they managed to sell over 200 cupcakes. They also received generous donations from the community.
They managed to raise R3,530 and all the proceeds will go to the Cupcakes of Hope Organisation.
Damasa would like to thank all the moms, models as well as Dada Creation's Daliborka Kralj Rijetkovic, who were involved in the making and selling of the cupcakes.
A heartfelt thank you also goes to Spar Thabazimbi for letting them host this charity fundraiser as well as to the considerate community members who poured their wallets and hearts into the cause.

Back from left: Bianca Kortman, Ankebe Els, Dajana Rijetkovic and Suné Meyer.
Front from left: Sermei Bornman and Chante Mulder.



# HFM IS TOPS!

**Thabazimbi** – Hoërskool Frikkie Meyer (HFM) is 'n bewonderenswaardige skool geleë in Thabazimbi. Die kultuur van die skool word gebou op Christelike waardes en sluit betroubaarheid, goeie burgerskap, verantwoordelikheid, respek, omgee en regverdigheid in.
Akademie is vir HFM 'n kernbesigheid. Met 27 vakrigtings ontwikkel hulle leerders tot hul volle potensiaal. Hul belê in die toekoms deur leerders met kennis en vaardighede te bemagtig.
Op die sportveld maak hul ook groot aanslae deur 'n verskeidenheid sportsgeleenthede aan te bied en spog met hope talent wat gereeld provinsiale vlakke bereik. Die sukses is nie net te danke aan die harde werk en talent van hul atlete nie maar ook aan goeie gemeenskap- en ouerbetrokkenheid.
HFM verstaan die belangrikheid van kultuur en daarom glo bied hul 'n gebalanseerde keuse van verskeie kuns en kultuur aktiwiteite as buitemuurse bedrywighede aan. HFM se revue wat elke tweede jaar plaasvind is 'n hoogtepunt in die Thabazimbi gemeenskap se dagboek.
Die skool spog ook met 'n spog koshuis wat 'n huis weg van die huis af vir leerders is.
Met die topgehalte personeel wat toegewy en trots is op hul beroep, kan jy weet jou kinders is in goeie hande.
Die grootste dryfkrag agter die skool se sukses is hul hoof meneer Collin Campbell. Hy het 'n passie vir die skool, personeel en leerders.



HFM hoof Collin Campbell is die dryfkrag agter die skool se sukses.




HFM is 'n trotse skool met ryk tradisies.



HFM se waardes word duidelik op hul studenteraad muur uitgebeeld.

Stuur jou event na news@platinumbushvelder.co.za ** Gratis Plasing!

# PLATINUM DAGBOEK

... Om jou te herinner van komende gebeure...

| FUNKSIE | DATUM | LOKAAL | KONTAK |
|---|---|---|---|
| Aand van Legendes | 21 Feb '20 | Thabazimbi: Hoërskool Frikkie Meyer | 076-157-4300 |
| Golf Dag Vir Marno | 25 Feb '20 | Roodepoort: Eagle Canyon | 083-231-0432 |
| Tarentaalpan Manne-aand | 26 Feb '20 | Thabazimbi: Tarentaalpan Jeugkampterrein | 083-600-6391 |
| Spoegwolf Live | 29 Feb '20 | Koster: 2 Riviere Pub& Grill | 076-299-7238 |
| A Lo Ha Keiki Golf Dag | 29 Feb '20 | Amandelbult: Golf Club | 078-706-9093 |
| Marakele Marathon | 7 Mar '20 | Thabazimbi: Marakele National Park | 014-777-6929 |
| Andries Vermeulen - Knipmes en Lipstick aand | 13 Mar '20 | Thabazimbi: Hoërskool Frikkie Meyer | 083-235-3798 |